Varswaterkunde

"Daar is nie een ding in die natuur wat nie wonderbaar is nie."
-Aristoteles

Doelwit: *Om deur waarneming en ondersoek 'n liefde vir eie bodem te kweek.*
Weergawe: *2007.0*
Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
6. 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. 'n Voortrekker is diensvaardig.

ABC: Met hierdie spesialisasie kry die Verkenner die geleentheid om 'n bydra te lewer tot die bewaring van die natuur. Sodoende word daar ook uiting gegee aan die kultuuropdrag van God aan die mens en word hy toegerus tot beter burgerskap.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	Minstens 5 dae aaneenlopend	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	Die spesialisasie kan slegs gedoen word tydens 'n kamp van minstens 5 dae aaneenlopend wat op die oewer van 'n dam of standhoudende rivier plaasvind		
Toekennings instansie:	Gebiedskamp		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *In 'n dam of standhoudende rivier die volgende aspekte prakties ondersoek:*
   - *1.1 Bilharziabesmetting of indringerplante.*
   - *1.2 Bevaarbaarheid.*
   - *1.3 Waterdierelewe.*
2. *'n Kaart van 'n openbare dam en omgewing kan lees en interpreteer en met behulp van kontoerlyne die diepte van die dam kan bepaal.*
3. *Minstens **twee** voorbeelde van **elk** van die volgende soorte (wat plaaslik voorkom) kan uitken en hulle habitat en rol in die ekologiese siklus kan beskryf:*
   - *3.1 Vis.*
   - *3.2 Watervoëls.*
   - *3.3 Amfibieë.*
   - *3.4 Waterplante.*
   - *3.5 Reptiele.*
4. *Vertroud wees met die volgende weerverskynsels:*
   - *4.1 Soorte wolke.*
   - *4.2 Temperatuur.*
   - *4.3 Lugdruk.*
   - *4.4 Humiditeit.*
5. *Kennis van die werking van die volgende hê:*
   - *5.1 'n Barometer.*
   - *5.2 'n Nat- en droëboltermometer.*
   - *5.3 'n Windsnelheidsmeter.*
6. *'n Eenvoudige weerstasie kan oprig en oor 'n tydperk van **drie** dae weerverskynsels kan aanteken en vertolk met behulp van die Beaufortskaal.*
7. *Verskillende soorte hengelgerei ken en weet hoe dit gebruik word en op hoogte wees van die wetlike bepalings oor hengel.*
8. ***Twee** metodes van watersuiwering ken.*
9. *Vertroud wees met toepaslike lewensredding en veiligheidsmaatreëls by water.*